


## Bedieningsbegeleiding Sentrum vir Predikantebegeleiding



Op die foto links gesels ds Jorina Redelinghuys (Sasolburg-Fontein), met Elsabé du Plessis, besigheidscoach van [PROSPER Executive Coaching](#), tydens haar *Organic Scorecard* terugvoersessie. Die meetinstrument **Organic Scorecard**, word gebruik om menslike bewussyn te toets en dui aan wat 'n persoon se huidige lewenstrategie is. Tydens 'n *OSC Coaching*-sessie gee jou konteks betekenis aan die resultaat en kan jy met behulp van die *coach* bepaal of die huidige strategie die beste is vir die plek waar jy nou is. Dit is gewoonlik vir die deelnemer 'n positiewe ervaring wat waarde toevoeg.

Die resultaat van die vooraf voltooide 360 Grade Vraelys word ook met deelnemers bespreek. Die persentasie (%) wat 'n deelnemer vir homself/haarself en opsigte van elke gedragsbekwaamheid toeken, word vergelyk met die persentasie (%) wat vyf ander gekose respondente toeken. Die terugvoerblad is 'n ronde spinnekopweb (vandaar die 360 Grade), wat persentasies (%) van die deelnemer (blou lyn) en respondente (rooi lyn) grafies voorstel. 'n Gesprek met die 360 Grade spinnekopweb in die hand, het verskeie uitkomst, byvoorbeeld die bevestiging van deelnemers se selfinsig (ten opsigte van gedragsbekwaamhede) en daag ook deelnemers se selfinsig uit. Dit wys meer en minder ontwikkelde gedragsbekwaamhede uit.



Een van die hoogtepunte van hierdie byeenkomste, is die toewydingsgeleenthede. By een so 'n geleentheid het die groep saam met ds Christo Nel van Riebeeckstad, diep bewus geraak van die glasbeker rooi druiewesap wat in die voorgrond van die Kruis en die natuur staan. Hebreërs 13:20-21 het gehelp om vir 'n paar oomblikke te vergeet van gemeente uitdagings en rolspelle! Die teenwoordiges kon rus in God se vrede en drink uit die beker van genade en 'n emosioneel, geestelik gereedskapskis oopsluit waarmee God gelowiges wil toerus om Sy wil te doen en vir al uitdagings wat die bediening van leraars vra. Dis somer in so 'n oomblik as jy na die natuur kyk... verby die druiewesap, dat jy besef God is besig om in Sy kerk tot stand te bring wat vir Hom aanneemlik is! Net soos wat Hy die natuur herskep na goeie reëns, só herskep Hy sy kinders. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

Menuha Retreatsentrum is geleë in 'n pragtige omgewing wat veral na die oorvloedige reën, die beste van die Vrystaat vertoon. Daar word hard gewerk, maar die Sentrum laat genoeg ruimte vir stap, diere besigtig en die natuur geniet. Meegaande foto van 'n Rooikeelfisant is deur dr Jan de Man van Viljoensdrif/Taaibosspuit geneem.

Al die deelnemers tot dusver aan die Sentrum is dit eens dat dit 'n verrykende ervaring was wat hulle gehelp het om meer van hulleself te leer en te help met 'n sinvolle bediening vorentoe.

André Barlow  
084 547 9999

